

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 26 Sep 2018
Page: 8

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Metro Noord Sport




**Ruan Breytenbach is nou eers 16, maar hy droom reeds van deelname aan die Olimpiese Spele in 2020.**

# Jongeling gee eerste treë na Spele

**Wilhelm de Swardt**

Ruan Breytenbach het alles wat nodig is om een van die helde van Suid-Afrikaanse swem te word.

Rocco Meiring, Tuks-afrigter, het dié voorspelling al 'n paar jaar gelede gemaak toe Breytenbach maar 12 jaar oud was.

Na afloop van die onlangse Afrika-swembyeenkoms in Algerië wil dit voorkom asof Meiring dalk net reg kan wees. Die 16-jarige Breytenbach het twee silwermedaljes – in die 400 m- individuele wisselslag en 200 m-vlinderslag – verower.

Breytenbach beskou sy vertoning as 'n belangrike deurbraak omdat dit die eerste keer is dat hy medaljes op 'n internasionale senior byeenkoms wen. Die Tuks-swemmer is wel ook realisties.

"Ek wil bitter graag vir die 2020-Olimpiese Spele in Tokio probeer kwalifiseer, maar om dit te vermag sal ek heelwat vinniger moet swem. In Algerië was my tyd in die 400 m-wisselslag vier minute en 25 sekondes. As ek enigsins 'n kans wil staan om te kwalifiseer sal ek amper tien sekondes vinniger moet swem. In die 200 m-vlinderslag sal ek my tyd met ten minste vyf sekondes moet verbeter. Ek weet dit is baie, maar ek hou van 'n uitdaging. Dit is wat my dryf," sê die gr. 10-leerling aan die British Royal College.

Vroeër vanjaar, op die Suid-Afrikaanse junior byeenkoms, het Breytenbach nege goue medaljes en drie silwermedaljes verower. Sy beste items is die 200 m-vryslag, 200 m-borsslag, 200 m-vlinderslag, 400 m- individuele wisselslag en 800 m- en 1 500 m-vryslag.

> "Ek hou van 'n uitdaging. Dit is wat my dryf.

In wat seker geen verrassing moet wees nie beskou Breytenbach die Amerikaanse swemlegende Michael Phelps as 'n rolmodel. En dit is nie net omdat hy die rekord hou vir die meeste medaljes nog op die Olimpiese Spele nie. Phelps het 28 medaljes gewen. 'n Besliste hoogtepunt was toe hy in 2008 op die Spele in Beijing Mark Spitz se rekord van sewe goue medaljes tot agt verbeter het.

Die Tuks-swemmer beskou Phelps as een van die nederigste sportsterre.

"Ek kan nie onthou dat ek al ooit gehoor het dat hy sleg van enige iemand praat nie. Hy was vir seker ook een van die mees gefokusde swemmers. Daar was 'n keer dat sy swembril vol water geraak het terwyl hy op die Spele in aksie was. Uit persoonlike ervaring kan ek getuig dat dit regtig irriterend is. Dit het Phelps skynbaar nie gehinder nie. Hy het steeds gewen en boonop 'n nuwe wêreldrekord opgestel. Dit inspireer my."

Op laerskool was Breytenbach ook 'n kranige atleet wat meer middelafstand-wedlope gewen het as wat hy verloor het. Die slag wat hy op volspoed was, het selfs erkende kampioene gesukkel om by te bly.

Breytenbach sê hy het dit geniet om te hardloop, maar volgens hom was hy baie meer gespanne gedurende wedlope.

Sy ma, Chantelle, skryf dit toe aan die afsitterspistool.

"As daar een geluid is wat Ruan glad nie kan uitstaan nie, is dit die klank van 'n vuurwapen wat afgevuur word. Die gewag vir die afsitter om sy pistool af te vuur het hom altyd erg gespanne gemaak."

Ten spyte daarvan erken Breytenbach dat hy nie sou omgee om nog aan atletiek deel te neem nie, maar swem is sy ware passie. En daar is net soveel ure in 'n dag.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.